



# HUISKERKLITURGIE

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR  
**TUINEDAL**  
*huisgesin van God*

**Sondag, 13 September 2020**

**Handelinge 17: 27 en 28**

**Wegkruipertjie met God – ons wen altyd!**

- ✓ As jy alleen is, maak gebruik van sosiale media of WhatsApp calls, Telegram of Zoom en doen dit saam met 'n geliefde.
- ✓ Vergader op 'n gemaklike plek waar julle nie gesteur kan word nie.
- ✓ Stel jou selfoon sodat jy nie gepla word nie.
- ✓ Sorg dat 'n **stuk papier en pen** byderhand is indien jy notas wil maak.

## **Ons ontmoet God**

- ✓ Raak vir 'n oomblik stil en fokus jou gedagtes op die ontmoeting.
- ✓ Laat een van die gesinslede/groeplede 'n kers as 'n simbool van God se teenwoordigheid aansteek.
- ✓ Laat iemand 'n gebed doen om God se teenwoordigheid te vier.

## **Ons ontmoet mekaar**

In hierdie ontmoeting moet ons 'n paar goed in gedagte hou:

- ✓ God is die een wat die inisiatief neem:
- ✓ Hy **roep** ons uit die daaglikse gang van die lewe, Hy **maak** ons **bymekaar** om ons geloof te bou en te versterk en Hy **stuur** ons weer uit om dit te gaan leef!
- ✓ Groet mekaar met: "Mag jy God hoor, mag jy verstaan wat Hy sê en dit dan gaan leef en doen."

*Luister na Ds Pieter se voice note op verskillende platvorme (WA 0614703626 & [www.tuinedal.co.za](http://www.tuinedal.co.za))*

## **Ons lees die Woord (Handelinge 17:27-28)**

Hierdie twee verse uit Ds Cor se skriflesing van laas Sondag het die afgelope week in my kom sit. Dit wou my eenvoudig nie los nie! Waarskynlik omdat Tuinedal se leierskap tans ernstig geloofsonderskeidend op soek is na God se wil vir Sy gemeente. Ek het baie nagedink, opgelees en gesels oor hierdie onderwerp: Wat bedoel ons as ons verklaar dat ons God se stem gehoor het, dat ons weet wat sy wil is en dat ons dit gaan doen? Ons kan baie wroeg hieroor en dit vir onself baie kompleks maak. Terwyl dit eintlik eenvoudig is!

## Agtergrond

Verlede week het Ds Cor die kern van hoofstuk 17 mooi uitgewys. Paulus is besig om 'n "onbekende god" aan sy gehoor bekend te stel. Daar is 6 baie belangrike sake wat hulle moet weet oor hierdie "onbekende god":

1. Hy is die **Skepper** van alle dinge
  - a. Hierdie God is groter as sy skepping.
  - b. Hy word nie vasgevang in 'n tempel nie.
  - c. Hy het nie offers of versorging van sy skepsels nodig nie.
2. Hy **beskik oor lewe**
  - a. Hierdie God gee lewe en asem aan almal.
  - b. Bepaal ons lewensduur.
3. Hy is "**kenbaar**" (knowable)
  - a. Hierdie God openbaar Homself aan mense.
4. Hy bepaal ons **identiteit**
  - a. Deur hierdie God lewe ons, beweeg ons, bestaan ons.
  - b. Ons stam van Hom af (dit beteken nie ons is self "gode" nie, maar ons is na Sy beeld geskape as God se verteenwoordigers hier op aarde).
5. Hy is die **ware God**
  - a. God is nie 'n afgod van goud, silwer of klip nie.
6. Hy gaan kom om te **oordeel**
  - a. Hierdie God vra bekering.
  - b. Hy gaan regverdig oordeel.

Ek wil vandag aansluit by die 3de punt hierbo: die feit dat God kenbaar is. Dit bly vir my een van die wonders van die lewe: dat God ons toelaat om Hom te ken. Dat Immanuel kenbaar is. Alles wat ons weet oor God is deur Hom aan ons openbaar. In ons belydenisskrifte bely ons dat God kenbaar is in die natuur (algemene openbaring) en deur sy Woord (besondere openbaring). Calvyn leer ons weer dat selfkennis begin by Godskennis: as jy jouself wil leer ken moet jy rekening hou met God!

Paulus beskryf hierdie afhanklikheid van ons mooi in ons teksvers:

*"<sup>27</sup>God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, <sup>28</sup>want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. Of soos party van julle digters ook gesê het: 'Ons stam ook van Hom af.'"*

## Ons praat saam

Indien God ons dan gemaak het "om Hom te soek" dan beteken dit dat ons Hom kan vind – al is dit rondtastende. Hy is immers "nie ver van enige van ons af nie". Die punt is dat God altyd teenwoordig is, maar ons is nie noodwendig nie. Ons het nodig om in sy teenwoordigheid te kom om sy stem te hoor. God speel wegkruipertjie met ons maar ons kan nie verloor nie want Hy maak heeltyd sy keel skoon dat ons Hom kan hoor en kan vind!

## God laat hom dus vind ter wille van ons!

Dit is dus moontlik om seker te wees van God se stem!

Hoe werk dit?

Ons kerk se huisreëls gee 'n lekker praktiese antwoord op hierdie kardinale vraag:

Die soeke na God se wil is 'n **geloofsonderskeidende saak, 'n aandagtige luisteroefening** waarin mens saam luister na:

- **Die Woord** (die eenaarshandleiding van die mens en die bron van ons Godskennis)
- **Die Kerk** (belydenisskrifte en kerklike praktyk help ons raaksien hoe gelowiges oor dieselfde kwessies oor baie eeue heen gedink het)
- **Mekaar** (elkeen het 'n unieke perspektief wat SAAM help om 'n duideliker prentjie te kry)
- **Die wêreld** (God het die wêreld so ernstig opgeneem dat Hy sy seun gegee het!)

In die Teologie word hierdie luisteroefening beskryf as 'n "kritiese, korrelatiewe hermeneutiek" Dis baie eenvoudiger as wat dit klink:

- Kritiese – ons gebruik al ons denkvaardighede om die saak van uit alle hoeke te beskou.
- Korrelatiewe – ons soek na verbande (korrelasies) tussen feite en sake.
- Hermeneutiek – dit is die gelowige kerklike "leesbril" waarmee ons kyk na die saak.

Hierdie luisteroefening doen ons natuurlik:

- ... in volle biddende afhanklikheid van God die Vader.
- ... in erkenning Jesus Christus as die Hoof.
- ... onder leiding van die Heilige Gees.
- ... aan die hand van die Bybel as God se Woord.

Die lysies hierbo moet nie die indruk skep dat die soeke na God se stem 'n meganiese proses is wat mens stap vir stap volg en dan kom jy by die antwoord uit nie. Waarheid in die Bybel is 'n **verhouding met die Waarheid** eerder as 'n klomp feite!

Niemand is beter of slegter hierin nie. Dis 'n dinamiese proses waarin ons almal voortdurend oefen om helderder te hoor en nader te kom.

- Gesels saam oor wat pas gesê is. Wat hiervan ervaar jy self in jou luister na die Here se stem? Wat is vir jou nuus en sal jy graag in die toekoms wil probeer?
- Vertel aan mekaar van 'n keer of wat toe jy die Here helder en duidelik gehoor het en gedoen het wat hy van jou gevra het.

Daar is egter 'n paar **roeteaanwysers (signposts)** op hierdie pad van geloofsonderskeiding wat ons kan help:

### **a) Die natuur**

God gebruik die natuurskoon om ons aandag op sy stem te vestig. Wanneer ek vasgeloop raak in my denke oor 'n saak hoor ek God die helderste in die berge of 'n bospaadjie of op die rotse langs die see. My belangrikste lewensbesluite is geneem in die natuur in gesprek met God en met een of ander Bybelteks wat in my kop maal. 'n Goeie vriend van my vertel van die rol wat tortelduiwe in sy verhouding met die Here speel: "Wanneer ek met God praat en die gekoer van 'n tortelduif hoor eggo dit God se stem en teenwoordigheid in my. Die geluid skep nuwe lewe en moontlikhede vir my".

Dit kan 'n blom wees of 'n dier of 'n brander wat breek op die rotse. God gebruik dikwels die natuur om ons teenwoordig te maak in sy teenwoordigheid.

### **b) Die Bybel**

Dit spreek eintlik vanself. Ons is mense van die Boek. Die Bybel is ons rigsgnoer, ons kompas. Mens kan die Bybel bestudeer (uitlê, interpreteer) maar ons moet Ook dieselfde Gees toelaat om ons die Bybel te laat beleef (dat die teks ons ook op 'n diep emosionele vlak met ons werk). Natuurlik praat die Bybel nie oor alles in hierdie lewe nie – dit is immers 'n 2000 jaar oue dokument! Daarom is dit belangrik dat die Bybel in tandem met die ander riglyne vir geloofsonderskeiding gebruik word.

### **c) Die geloofsgemeenskap**

Die bekende missionale teoloog Lesslie Newbigin het gesê: "the congregation is the hermeneutic of the Gospel". Daarmee wou hy klem lê op die feit dat ons die Bybel nooit as individu en in isolasie moet lees nie. God se stem raak duideliker in sy Woord wanneer gelowiges dit lees en daaroor praat en dink en bid. So gebruik Hy medegelowiges as bevestiging van sy wil in jou lewe.

### **d) Geestelike liedere, aanhalings, gedigte en gebede**

Dikwels gebeur dit dat 'n woord of frase in 'n geestelike lied vir jou God se wil oopbreek. Die Bybel moedig ons juis aan om geestelike liedere te sing. Kyk byvoorbeeld na die volgende liedboeklied se woorde:

#### **471 Soek allereers die koninkryk van God**

Soek allereers die koninkryk van God;  
en sy geregtigheid.  
wat jul nodig het sal die Vader dan  
vir julle gee uit sy oorvloed.  
Hy sal voorsien in sy oorvloed.  
Halleluja! Halleluja! Halleluja!  
Amen. Amen.

Soms is dit 'n gedig of gebed wat jou sleutel is:

**God-ken** (deur IL de Villiers)

Sal ek U ooit kan dink-ken?

raák-ken?

voel-ken?

Of U oor en oor kan vergelyk  
met iets wat anders is,  
wat min of meer soos U is,  
wat ek kan verstaan?

Niks is soos U nie.

Sal ek ooit,  
met hierdie liggaam nog aan my,  
U kan bekyk  
U-in-Sigself,  
en ingaan ín in U  
en op  
om te kan weet  
wie U is –  
Goddelik te kan weet?

Soms is dit 'n betekenisvolle aanhaling uit 'n geestelike boek:

“My very existence springs from your love. Your love streams through my soul. You know me, You hold me. You enfold me in the whisper of your tender compassion. I am yours.” (Ignasius)

### **e) Die gebed van 'n gelowige**

In sy eenvoudigste vorm is gebed dialoog tussen God en ons: God praat – ons luister; ons praat – God luister. Paulus beskryf dit mooi in Fillipense:

“<sup>6</sup>Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. <sup>7</sup>En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.” (4:6,7)

'n Gesindheid van biddende afhanklikheid van God die Vader lê in die hart van geloofsonderskeiding

- Gee genoeg tyd om oor hierdie rigtingwysers na te dink en te reflekteer. Praat met mekaar oor wat julle hiervan verstaan.

## Ons bid saam

*Maak gebruik van die gebedsversoeke in ons Bulletin. Laat elkeen 'n versoek kies en bid dan daarvoor.*

## Seën

*Ontvang die seën van die Here uit Numeri 6:24-26 en gaan in vrede:*

“Die Here sal julle seën en julle beskerm;  
die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;  
die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! Amen”

